STANDAARD-GRONDWET VIR E-GEMEENSKAPSFORUMS

1. AANHEF

AANGESIEN die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, in die Departement van die Premier, toegewy is aan die beginsel van e-inklusiwiteit deur deel te neem aan die opstel van die Verklaring van Beginsels en Plan van Aksie op die Wêreldspitsberaad oor die Inligtingsgemeenskap (WSIG);

EN AANGESIEN e-inklusiwiteit ‘n filosofie is wat die interafhanklikheid en deel van verantwoordelikheid erken deur alle lede van die regering, sakegemeenskap en plaaslike gemeenskappe vir verbeterde dienslewering en vergemakliking van toegang tot inligting (regerings en nie-regerings) deur die gebruik van Inligting-kommunikasietegnologie (IKT) vir al die mense van die Wes-Kaap;

EN AANGESIEN die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap in die Departement van die Premier ‘n projek van stapel gestuur het om die hoofbeginsels van e-inklusiwiteit te bereik deur die daarstel van e-Gemeenskapsforums in plaaslike gemeenskappe;

AANVAAR ONS DUS NOU Dié GRONDWET.

2. DEFINISIES:

In dié dokument dra die volgende woorde of frases die betekenis soos aangedui, behalwe as die konteks iets anders aandui:

2.1 “dae” beteken al die dae van die week, met die uitsondering van Saterdae, Sondae en Openbare Vakansiedae;

2.2 “Departement” beteken die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap: Departement van die Premier, Sentrum vir E-Innovasie;

2.3 “Forum” beteken die Elime-Gemeenskapsforum, wat gestig is as ‘n vrywillige gemeenskapsorganisasie kragtens ‘n ontstaan/stigtingsvergadering van die Forum;

2.4 “IKT” beteken Inligtingskommunikasietegnologie;

2.5 “akkreditasie” beteken die akkreditasie van die Forum luidens paragraaf 17 van die Grondwet;

3. VERENIGING EN REGSPERSOONLIKHEID

3.1 Die naam van die forum is die Elim

3.2 e-Gemeenskapsforum (hierna na verwys as "*die Forum*").

3.2 Die Forum is 'n gemeenskapsgegronde, nie-rassige, a-politiese vrywillige organisasie sonder winsbejag, wat alle sake rakende IKT op 'n plaaslike gemeenskapsvlak instel en bevorder.

3.3 Die Forum het geen afsondelike regspersoonlikheid nie en mag nie roerende of vaste eiendom besit, donasies, skenkings of erflatings aanvaar, bankrekenings hê, leningsooreenkomste aangaan of waarborge verskaf nie.

4. MIKPUNTE EN DOELWITTE

4.1 Die Forum het die volgende mikpunte en doelwitte:

4.1.1 Om die gebruik van IKT op 'n plaaslike gemeenskapsvlak te bevorder en te mobiliseer;

4.1.2 Om die behoefte aan IKT te bepaal in die plaaslike gemeenskap binne die munisipale gebied waarin dit werk;

4.1.3 Om in samewerking met die Departement, die opleiding van lede van die plaaslike gemeenskap in die gebruik van IKT te vergemaklik;

4.1.4 Om met soortgelyke organisasies saam te werk om IKT te bevorder;

4.1.5 Om paslike IKT-projekte te ontwikkel vir instelling in 'n e-sentrum binne die Forum se munisipale gebied;

4.1.6 Om die gebruik van die Departement se *Cape Gateway*-projek te bevorder as 'n enkele toegangspunt tot regeringsinligting en dienste; en

4.1.7 Om die Ikapa Elihlumayo-raamwerk te bevorder.

4.2 Al die werksaamhede en bronne van die Forum sal net gebruik word vir die bevordering van die doelwitte en mikpunte soos omskryf in paragraaf 4.1.

5. LIDMAATSKAP

5.1 Enige persoon, liggaam, organisasie of instelling mag aansoek doen om lidmaatskap van die Forum, ongeag ras of geslag, mits die persoon belangstel in IKT en hom of haar bevind binne die geografiese gebied van die Munisipaliteit waar die Forum geleë is.

5.2 Lidmaatskap van die Forum kan verkry word deur:

5.2.1 'n aansoek om lidmaatskap in te dien by die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee;

5.2.3 lidmaatskap aangebied te word deur die Uitvoerende Komitee van die Forum; of

5.2.4 tot die Forum gekoöpteer te word.

5.3 Die voorwaardes van klousule 5.2 ten spyt, sal 'n verteenwoordiger van die Departement, Plaaslike Regering en die Sentrumbestuurder as ex officio-lede van die Forum dien.

5.4 Aansoeke om lidmaatskap moet op skrif wees.

5.5 'n Liggaam, organisasie of instelling wat om lidmaatskap van die Forum aansoek doen, moet die volgende in die aansoek insluit:

5.5.1 besonderhede rakende die samestelling en profiel van die bestuur, lede en personeelkorps;

5.5.2 die mikpunte en doelwitte van die ligaam;

5.5.3 'n motivering wat die bydrae wat die aansoeker tot die Forum sal maak, uiteensit; en

5.5.4 die aangewese persoon wat die liggaam op die Forum se verrigtinge sal verteenwoordig en sal stem, mits die aansoek goedgekeur word.

5.6 Uitnodigings deur die Uitvoerende Komitee wat lidmaatskap aan 'n persoon, organisasie of liggaam aanbied moet op skrif wees, en die rede vir die uitnodiging uiteensit. Die aanvaarding van die aanbod moet ook skriftelik wees.

5.7 'n Aansoeker kan redes van die Uitvoerende Komitee aanvra vir die afkeuring van sy of haar aansoek.

5.8 Geen lidmaatskapgelde sal betaalbaar wees nie.

5.9 Lidmaatskap van die Forum sal vir ‘n tydperk wees soos bepaal deur die Uitvoerende Komitee wanneer die lid by die Forum aansluit, maar dit sal nie drie jaar oorskry nie, met die verstandhouding dat ‘n lid heroorweeg kan word vir lidmaatskap aan die einde van die aanvanklike of daaropvolgende lidmaatskaptydperk.

6. REGTE, PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEDE

6.1 Elke lid sal die volgende regte hê:

6.1.1 Om aan al die bedrywighede van die Forum deel te neem;

6.1.2 Om sake op vergaderings voor te lê, om deel te neem aan besprekings, om aanbevelings te maak, om sake wat aan die Forum voorgelê word te sekondeer en daaroor te stem, behalwe mense wat gekoöpteer is by die Forum wat nie sal kan stem op enige vergadering van die Forum nie.

6.1.3. Om te stem vir of verkies te word as lid van die Uitvoerende Komitee of enige ander komitee of verteenwoordigende posisie;

6.1.4. Om toegang te hê tot die dokumente, boeke en notules van alle vergaderings van die Forum; en

6.1.5 Om op vergaderings van die Forum te stem, met die voorbehoud dat wat lidorganisasies of -instellings betref, dié reg net uitgeoefen mag word deur die aangewese verteenwoordiger.

6.2 Alle lede sal die volgende verpligtinge hê:

6.2.1 Om die mikpunte en doelwitte van die Forum, soos omskryf in dié Grondwet, te onderskryf en te bevorder;

6.2.2 Om die mikpunte en doelwitte van die Forum te verwesentlik;

6.2.3 Om betyds te wees en gereeld vergaderings by te woon;

6.2.4 Om te voldoen aan die algemene prosedure vir vergaderings; en

6.2.5 Om te voldoen aan die voorskrifte van die Grondwet en die Gedragskode.

6.3 Die ex officio-lede wat aangestel is kragtens klousule 5.3, moet voldoen aan al die verpligtinge waarna verwys word in sub-klousule 6.2 en sal al die regte hê soos omskryf in klousule 6.1, behalwe die reg waarna verwys word in sub-klousule 6.1.3.

6.4 As die lid sonder 'n geskrewe verskoning afwesig is van drie (3) agtereenvolgende vergaderings, kan die Uitvoerende Komitee die lid se lidmaatskap opskort vir 'n tydperk wat deur die Uitvoerende Komitee bepaal word.

7. BESTUUR

7.1 Die Forum word bestuur deur 'n Uitvoerende Komitee, waarvan die lede verkies word op die Tweejaarlikse Algemene Vergadering en wat bestaan uit:

7.1.1 'n Voorsitter;
7.1.2 'n Onder-Voorsitter;
7.1.3 'n Sekretaris;
7.1.4. 'n Nie-Regerings-Organiserende Koördineerder;
7.1.5. 'n Openbare Betrekkinge en/of Gemeenskapskakelbeampte;
7.1.6. 'n Opleidingskoördineerder;
7.1.7 'n Administratiewe Beampte;
7.1.8 'n Bemarkingsbeampte;
7.1.9. 'n Geleentheidkoördineerder;
7.1.10 'n Dissiplinêre Beampte; en
7.1.11 Enige bykomende lede, soos op 'n Algemene Jaarvergadering deur die Forum bepaal.

7.2 Die Uitvoerende Komitee van die Forum sal in die uitvoering van die bestuurspligte, die volgende magte en pligte hê:

7.2.1 Om aansoeke om lidmaatskap goed of af te keur;

7.2.2 Om na goeddunke geografiese sub-forums in te stel wat aan die Grondwet onderworpe sal wees;

7.2.3 Om 'n dissiplinêre liggaam aan te stel soos bepaal in klousule 12 van die Grondwet;

7.2.4 Om na goeddunke komitees of sub-komitees aan te stel en kwessies en take aan dié komitees toe te ken en lede van die Forum te koöpteer om op die komitees te dien;

7.2.5 Om doeltreffende beheer en toesig oor lede en die administrasie van die Forum te behou*;*

7.2.6 Om te verseker dat behoorlike notules gehou word en dat dit vir goedkeuring voorgelê word op die volgende vergadering;

7.2.7 Om 'n jaarverslag voor te berei waarin aangedui word tot watter mate die Forum die doelwitte vir die jaar bereik het; en

7.2.8 Om griewe of konflikte in verband met die bedrywighede van die Forum te aanvaar, ondersoek, oorweeg en daaroor te besluit.

7.3 Lede van die Uitvoerende Komitee sal verkies word vir 'n tydperk wat met hulle aanstelling bepaal word, maar wat nie 2 (twee) jaar sal oorskrei nie. Ampsdraers sal vir herverkiesing vir dieselfde pos in aanmerking kom vir 'n maksimum van 2 (twee) jaar. Na dié tydperke sal die ampsdraers nie in aanmerking kom vir herverkiesing nie.

7.4 As enige ampsdraer van die Uitvoerende Komitee afwesig is van 3 (drie) agtereenvolgende vergaderings van die Uitvoerende Komitee sonder 'n geldige, geskrewe verskoning, kan die Uitvoerende Komitee die ampsdraer uit die Uitvoerende Komitee skors.

7.5 Die Uitvoerende Komitee kan enige persoon indien nodig koöpteer.

8. VERGADERINGS

8.1 GEWONE LEDEVERGADERINGS

8.1.1 Ledevergaderings sal minstens een keer elke drie maande gehou word en kan bygewoon word deur alle lede van die Forum en lede van die plaaslike gemeenskap om, onder meer -

8.1.1.1 veldtogte en programme wat deur die Forum aangevoer is, te aanvaar;
8.1.1.2 verslae van die Uitvoerende Komitee te ontvang en te oorweeg;
8.1.1.3 opdragte en terugvoer van die Departement in te stel;
8.1.1.4 voorleggings aan die Departement te maak; en
8.1.1.5 verslae oor die stand van IKT-sake in die plaaslike gemeenskap te ontvang.

8.1.2 Geskrewe kennisgewing sal minstens sewe (7) dae voor die tyd deur die Sekretaris gegee word aan alle lede van die Forum, waarin die datum, plek, tyd en die belangrikste sake op die agenda van die vergadering aangedui word.

8.1.3 'n Kworum sal bestaan uit 51% van die Forumlede.

8.1.4 ‘n Meerderheidstem sal oor alle sake besluit.

8.1.5 As ‘n kworum nie bereik word wanneer ‘n geskeduleerde vergadering plaasvind nie, sal die vergadering minstens 14 (veertien) dae lank uitgestel word of vir ‘n tydperk wat deur die Uitvoerende Komitee bepaal word.

8.1.6 Die Voorsitter, of in die afwesigheid van die Voorsitter, die Adjunk-Voorsitter tree as voorsittende beampte by die vergadering op. Wanneer beide die Voorsitter en Adjunk-Voorsitter afwesig is of nie as voorsitter kan optree nie, moet die lede deur ‘n meerderheidstem ‘n lid kies om die vergadering te lei.

8.2. TWEEJAARLIKSE ALGEMENE VERGADERINGS

8.2.1 ‘n Tweejaarlikse Algemene Vergadering moet elke tweede jaar tussen 1 Oktober en 30 November gehou word, wat bygewoon kan word deur enige lid, lede van die lidorganisasies, instellings en liggame, regeringsverteenwoordigers, ander belangegroepe en lede van die gemeenskap.

8.2.2 Geskrewe kennisgewing van die Tweejaarlikse Algemene Vergadering sal minstens een-en-twintig (21) dae voor die tyd deur die Sekretaris aan alle lede van die Forum gegee word.

8.2.3 ‘n Kworum sal bestaan uit 51% van die Forumlede.

8.2.4 As ‘n kworum nie teenwoordig is nie, kan die vergadering uitgestel word vir 14 dae of vir ‘n tydperk wat bepaal word deur die Uitvoerende Komitee.

8.2.5 Op ‘n Tweejaarlikse Algemene Vergadering sal die Forum -

8.2.5.1 voorstelle aan die Forum en die Departement oorweeg en maak oor die mikpunte en doelwitte van die Forum;

8.2.5.2 die Uitvoerende Komitee se verslag oor die werk van die Forum ontvang, bespreek en aanvaar oor die werk van die Forum, wat die Voorsitter se verslag insluit;

8.2.5.3 besluite bespreek en aanvaar oor plaaslike sake wat verband hou met die oorhoofse beleidsdoelwitte van die Forum wat IKT betref*;*

8.2.5.4 die Forum se bedrywighede oor die afgelope jaar hersien; en

8.2.5.5 lede van die Uitvoerende Komitee verkies in enige poste wat vakant geraak het.

8.2.8 Daar word oor alle sake deur die meerderheidstem besluit deur hande op te steek, behalwe die verkiesing van Uitvoerende Lede, wat deur geskrewe stemme gekies word.

8.2.9 Die Voorsitter, of in die afwesigheid van die Voorsitter, die Adjunk-Voorsitter, tree by die vergadering as voorsittende beampte op. As beide die Voorsitter en die Adjunk-Voorsitter afwesig is of nie as voorsitter kan optree nie, moet lede deur ‘n meerderheidstem ‘n lid kies wat die vergadering kan lei.

8.3. SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS

8.3.1 Die Sekretaris mag na ‘n geskrewe versoek deur minstens vyf (5) lede van die Forum, ‘n Spesiale Algemene Vergadering belê om spesiale sake te bespreek en daaroor te beslis.

8.3.2 Versoeke vir ‘n Spesiale Algemene Vergadering moet die Sekretaris minstens dertig (30) dae voor die beoogde vergadering bereik.

8.3.3 Die Sekretaris moet alle lede van die Forum skriftelik minstens 21 (een-en-twintig) dae voor die tyd van ‘n voorgenome Spesiale Algemene Vergadering in kennis stel.

8.3.4 Kennisgewing van ‘n Spesiale Algemene Vergadering moet die doel, datum, plek en agenda van die voorgenome Spesiale Algemene Vergadering uiteensit.

8.3.5 Net sake op die agenda mag oorweeg word en oor gestem word op die Spesiale Algemene Vergadering.

8.3.6 51 % van die lede van die Forum sal ‘n kworum uitmaak.

8.3.7 As ‘n kworum nie by ‘n geskeduleerde vergadering teenwoordig is nie, sal die vergadering uitgestel word vir minstens 14 (veertien) dae of vir ‘n tydperk waaroor die Uitvoerende Komitee sal besluit.

8.3.8 Die Voorsitter, of in die afwesigheid van die Voorsitter, die Adjunk-Voorsitter tree by die vergadering as voorsittende beampte op. As beide

die Voorsitter en die Adjunk-Voorsitter afwesig is of nie in staat is om as voorsitter op te tree nie, moet die lede deur ‘n meerderheidstem ‘n lid kies om die vergadering te lei.

8.3.9 Daar word oor alle sake besluit deur ‘n meerderheidstem, deur hande op te steek, behalwe oor die verkiesing van Uitvoerende Lede, wat deur ‘n geskrewe stem verkies word.

8.4 UITVOERENDE KOMITEEVERGADERINGS

8.4.1 Die Uitvoerende Komitee van die Forum kom minstens twee keer per maand byeen, en meer dikwels indien nodig, om sake wat verband hou met die bestuur van die Forum te bespreek en oor te besluit.

8.4.2 51 % van die lede van die Uitvoerende Komitee maak ‘n kworum uit.

8.4.3 As ‘n kworum nie teenwoordig is by ‘n geskeduleerde vergadering nie, sal die vergadering uitgestel word vir minstens 14 (veertien) dae of vir ‘n tydperk waarop die voorsittende beampte besluit.

8.4.4 Daar word oor alle sake besluit met ‘n meerderheidstem, deur hande op te steek.

8.4.5 Die Voorsitter, of in die afwesigheid van die Voorsitter, die Adjunk-Voorsitter tree as die voorsittende beampte by die vergadering op. As beide die Voorsitter en die Adjunk-Voorsitter afwesig is of nie in staat is om as voorsitter op te tree nie, moet die oorblywende lede van die Uitvoerende Komitee deur ‘n meerderheidstem ‘n lid verkies om die vergadering te lei.

8.5 VERGADERING TUSSEN DIE UITVOERENDE BESTUUR EN DIE EX OFFICIO-LID

8.5.1 Die uitvoerende bestuur sal minstens een keer per maand met die ex officio-lid van die Forum vergader om IKT-sake te bespreek.

8.5.2 Die ex officio-Forumlid sal minstens ‘n kwartaallikse oorsig oor die werksaamhede van die Forum uitvoer.

9. AKKREDITASIE EN SERTIFISERING

9.1 Die Forum kwalifiseer nie vir enige voordele kragtens die beleid van die Departement en die Sentrum vir E-Innovasie as dit nie deur die Departement geakkrediteer is nie.

9.2 Die aansoek van die Forum vir akkreditasie moet vergesel wees van:

9.2.1 ‘n steunbrief van die plaaslike owerhede waarin die jurisdiksie van die Forum geleë is;

9.2.2. ‘n steunbrief van die bestuur van die betrokke e-sentrum wat die IKT aan die Forum verskaf;

9.2.3. ‘n afskrif van die notule en bywoningsregister van die stingtingsvergadering van die Forum;

9.2.4. ‘n getekende afskrif van die Grondwet en Gedragskode.

9.3 Met akkreditasie sal ‘n sertifikaat aan die Forum oorhandig word wat onderteken is deur die Departement se Provinsiale Hoofinligtingsbeampte en die Premier of sy verteenwoordiger, wat bevestig dat die Forum beskou word as ‘n verteenwoordigende e-Gemeenskapsforum van die geografiese gebied waarin dit bestaan.

9.2 Die Sentrum vir E-Innovasie sal die werksaamhede van die Forum monitor en beoordeel.

10. GEDRAGSKODE

10.1 Alle lede moet wederkerige begrip uitoefen op ‘n kruiskulturele vlak, in hulle hantering van IKT, en volwasse, diplomaties en beskaafd optree;

10.2 Alle lede moet op ‘n beheersde en waardige manier optree teenoor lede van die gemeenskap, nie-regeringsorganisasies, skenkers en die Departement;

10.3 Lede moet hulle weerhou van die bevordering van sekulêre menings oor partypolitiek wanneer hulle met IKT-sake werk;

10.4 Lede moet hulle weerhou van die gebruik van aanstootlike taal en die maak van rassistiese of seksistiese opmerkings tydens vergaderings;

10.5 Geen lid mag die bronne van die Forum misbruik nie;

10.6 Geen lid mag sy of haar posisie of die naam van die Forum vir persoonlike gewin uitbuit nie;

10.7 Geen lid mag die bepalings van die Gedragskode of die Grondwet oortree nie;

10.8 Geen lid sal toegelaat word om aan die bedrywighede van die Forum deel te neem as hulle onder die invloed van ’n onwettige stof of alkohol is wanneer hulle ‘n verpligting van die Forum uitvoer nie;

10.9 As daar bevind word dat enige lid die Grondwet en/of die Gedragskode oortree het, kan hy of sy geskors word, hangende ‘n dissiplinêre verhoor.

11. DISSIPLINêRE EN GESKILBESLEGTINGSPROSEDURES

11.1 Die doel met dissiplinêre en geskilbeslegtingsprosedures is om –

11.1.2 voorvalle van onaanvaarbare gedrag deur lede van die Forum te hanteer;

11.1.2 konflik en griewe in die Forum op te los en te bestuur; en

11.1.3 te verseker dat voor dissiplinêre stappe gedoen word -

11.1.3.1‘n lid ‘n redelike kans het om sy of haar saak te stel, met of sonder verteenwoordiging; en

11.1.3.2alle relevante omstandighede ten volle en objektief oorweeg word voordat ‘n besluit geneem word.

12 DISSIPLINêRE PROSEDURES

12.1 ‘n Dissiplinêre komitee sal bestaan uit 4 (vier) lede:

12.1.2 Die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee;
12.1.3 Die Sekretaris van die Uitvoerende Komitee;
12.1.4 Die Dissiplinêre amptenaar wat aangestel is kragtens klousule 8.1.10 van die Forum; en
12.1.5 Die bestuurder van die e-sentrum, as die bestuurder nie die voorsitter is nie.

12.2 Die dissiplinêre komitee mag die volgende besluite neem:

12.2.1 die aanspreek van ‘n lid, persoon of verteenwoordiger van ‘n lid;
12.2.2 opskorting van lidmaatskap; en/of
12.2.3 skorsing uit die Forum.

12.2 As die lid wat geraak word nie tevrede is met die besluit van die dissiplinêre komitee op die dissiplinêre verhoor nie, het hy of sy die reg om skriftelik binne 14 (veertien) dae na die besluit te appelleer by die Departement se Hoofinligtingsbeampte, met die skriftelike aanhegting van die volgende:

12.2.1 ‘n Afskrif van die geskrewe aantekening van die dissiplinêre komitee se verrigtinge, wat ‘n afskrif van die dissiplinêre komitee se bevindings insluit; en
12.2.2 ‘n Voorlegging, wat duidelik die gronde van die appèl uiteensit.

12.3 Die Departement se Hoofinligtingsbeampte kan:

12.3.1.1 die besluit van die dissiplinêre komitee bevestig;
12.3.1.2 die besluit van die dissiplinêre komitee tersyde stel;
12.3.1.3 die besluit van die dissiplinêre komitee wysig; of
12.3.1.4 die saak na die dissiplinêre komitee terugverwys vir heroorweging.

12.4 Die Hoofinligtingsbeampte moet binne 30 dae na die ontvangs van die skirftelike versoek om appèl ‘n besluit neem.

13. KLASSIFIKASAE VAN OORTREDINGS

13.1 ‘n Ernstige oortreding sal deur ‘n persoon gepleeg word wat die integriteit van die Forum, die personeel of eiendom skaad of vernietig deur die volgende te doen:

13.1.1 die aktiwiteite van die Forum te saboteer;

13.1.2 verdeling in die range van die Forum te saai;

13.1.3 die behoorlike werking van die Forum te strem;

13.1.4 enige ander daad te pleeg wat gemik is op die ondermyning van die doeltreffendheid as ‘n Forum;

13.1.5 optree vir enige ander organisasie(s) of groep wat die Forum se beleid en beginsels in gedrang bring;

13.1.6 optree vir enige groep of persoon wat die Forum wil vernietig of keer dat die mikpunte en doelwitte bereik word.

13.2 'n Ernstige oortreding sal gepleeg word deur 'n persoon, lid of verteenwoordiger van 'n lid wat, **inter alia*:***

13.2.1 optree op 'n manier wat die lede van die Forum of lede van die publiek blootstel aan ernstige gevaar, fisiese besering of dood;

13.2.2 oneerlik optree met betrekking tot die eiendom van die Forum;

13.2.3 inligting onverskillig meedeel wat skadelik kan wees vir die bedrywighede van die Forum;

13.2.4 'n kantoor misbruik deur sy of haar pos te gebruik om materiaal of enige ander onverskuldigde voordele van lede of andere te verkry;

13.2.5 baklei of optree in 'n uiters wanordelike of bandelose manier; en/of

13.2.6 'n ernstige misdaad pleeg.

14 DIE WYSIGING VAN DIE GRONDWET

14.1 Voorgestelde wysigings aan die Forum-grondwet moet skriftelik versprei word onder lede van die Forum en die Departement 14 (veertien) dae voor die Tweejaarlikse Algemene Vergadering of 'n Spesiale Algemene Vergadering van die Forum.

14.2 Wysigings aan die Forum-grondwet mag net aangebring word deur 'n 2/3 (tweederde) meerderheid op die Tweejaarlikse Algemene Vergadering of 'n Spesiale Algemene Vergadering van die Forum na beraadslaging met die Departement.

14.3 Dit word aangeteken dat die Departement die reg voorbehou om, na redelike geskrewe kennisgewing aan die Forum, die Forum se akkreditasie te onttrek as die wysiging(s) aan die Forum-grondwet, volgens die mening van die Departement, teenstrydig is met enige statutêre bepalings, die Grondwet van die Republiek van

Suid-Afrika, of op enige manier afbreuk doen aan die gees of bedoeling van die e-inklusiwiteitsveldtog.

15. ONTBINDING VAN DIE FORUM

15.1 Na deeglike konsultasie met al die betrokke partye, kan die lede die Forum laat ontbind, onderhewig aan ‘n 2/3 (tweederde) meerderheid van die stemme op die Tweejaarlikse Algemene Vergadering of ‘n Spesiale Algemene Vergadering van die Forum.

15.2 Met die ontbinding van die Forum, kan die Hoofinligtingsbeampte van die Departement ‘n gemeenskapsorganisasie uitken wat die pligte van die ontbinde Forum sal uitvoer.

Ons, die **Elim** e-Gemeenskapsforum hier teenwoordig verbind onsself ten volle aan die visie, mikpunte en doelwitte van dié grondwet. Ons bevestig ons toewyding tot die uitbou van ‘n inligtingsgemeenskap in ons gemeenskap. Ons verbind ons tot die versekering van die gepasde gebruik van IKT’s vir die opheffing van ons gemeenskap, en verklaar dié grondwet as bindend vir alle lede van ons e-Gemeenskapsforum

_____

VOORSITTER
Elim e-GEMEENSKAPSFORUM

_____

VERTEENWOORDIGER VAN DIE PLAASLIKE OWERHEID

CAPE AGULHAS MUNICIPALITY

_____

HOOF-INLIGTINGSBEAMPTE
PROVINSIALE REGERING VAN DIE WES-KAAP